# Lesing 38 - 1 September 2022 - Geen geestelike Krag sonder die Wysheid nie

DIE NUWE Bybel - BOEK 3 -DIE BEKRAGTIGING
(gedikteer aan Nalize Roets) -
Hoofstuk 7 - **'n Gemeenskap (vervolg)**

Neem daarom die taak om vir ander te bid baie ernstig op en beoefen dit nie om die ydele begeerte om krag te ontvang nie, maar **omdat dit 'n hemelse vermoë is wat weer lewend moet word in elkeen**. Bid, sodat geloof en vertroue 'n eienskap van jou ewige bestaan kan wees en **leer My klein kindertjies hoe om te bid deur 'n voorbeeld daarvan vir hulle te wees**. Amein.

Die besef dat Krag dan deur mense begin vloei om eenheid te bewerk of versoening onder mense te bewerk of genesing tot gevolg te hê, moet gevolg word deur dankgebede en dankgesange tot My, sodat My klein kindertjies die hemelse gevolge van nederige versoeke en die antwoord daarop as 'n gawe uit My Hand beleef. **Bou so 'n gemeenskap wat dien op alle vlakke.** Amein.

Gemeenskappe kan blom in volmaakte uitleg voor My as hierdie beginsels en My algemene saamwoon-wette soos deur Moshè gegee, nagevolg word. Die ontwerpe sal dan My Lig op die kosbaarste manier reflekteer, sodat **My Water die grond sal seën** en voldoende sorg ook uit die natuurlike aarde vir hulle sal spruit. Gebruik 'n les in die natuur om dit aan My kindertjies te toon deur die bestudering van hemelse sorg in die benatting van My aarde. Amein.

Indien die siele die Liefdeshitte wat onder hulle bestaan tot My wend en die lewende Water uit hulle harte, so opstyg na My, kan die wolke van seën en oordekking oor hulle begin vorm, wat binnekort reën tot gevolg het, tot almal se voordeel.

Indien daar **geen eerbied en gehoorsaamheid** van die inwoners van 'n gemeenskap **ten opsigte van My** bestaan nie, droog die lewenswater wat van My vloei op daardeur en is daar geen goeie vog wat na My opstyg nie. Op hierdie manier verdroog die lug en daaruit vloeiend die aarde onder dit ook. **Beskou so die droogtetoestande wat oor die wêreld heers**.

Te min Liefde na My is geprofeteer om droogte-toestande te bewerk, maar die sin daaragter was nooit voorheen bekend nie. Verstaan hiermee dat die wetenskap nie die siel se werking begryp nie en daarom nie op sy eie bestudeer mag word nie, maar wel met die leiding van My Woord om die siel lewe te gee, tesame met die ondersoeke en proewe. Proewe beteken egter niks as dit buite die orde van My Liefde geskied nie, want dan sal daar geen seën daarin opgesluit wees nie. Amein.

**Wees 'n aarde vol seën in 'n gemeenskap deur die waters van jou wese te verenig in diens aan My en ander en My Skepping so tot nut te wees**. Amein.

'n Gemeenskap se ordes en strukture soos op papier uiteengesit, het 'n doel in die skep van werk en vooruitbeplanning van voedselgebruik. Indien Ek geraadpleeg word om hier van hulp te wees, sal daar soos ten tye van JôWsef se diens in Egipte **meer mense daarmee gevoed word as waaruit die gemeenskap bestaan**.

Ek is altyd in beheer van die lewensmiddele as harte na My gewend is. Leer My kindertjies dat eenheid onder 'n gemeenskap begin **deur eenheid in gebed onder mekaar**. Wanneer geloof en vertroue dan sterk genoeg ontwikkel het, sal belangrike sake soos die voortbestaan en gesonde strukture van gemeen-skappe ook voor My gelê word vir antwoorde en leiding. Dit sal verseker dat vele volke deur My seën bly voortbestaan. Amein.

Die dae is min waarin al hierdie omwentelinge moet plaasvind, maar indien My kinders My so soek van harte, sal daar soos in die dae van Noag vir hulle redding gebied word om te bly voortbestaan as Beelddraers van My op hierdie aarde. **Ek het die diens van Myne nodig om seën te kan laat vloei na die aarde**. Amein.